

Hoofstuk van die dag: Psalm 132

> *As jou nakomelinge hulle aan my verbond hou en aan die verordeninge wat Ek hulle leer, sal ook hulle seuns vir altyd op jou troon heers. (vers 12)*

Die psalm kom uit ’n tyd voor die ballingskap, en is gebaseer

op die belofte dat God Sion en die Dawid-dinastie sal beskerm. Die agtergrond kry ons in 2 Sam 7. Dawid wou vir die Here ’n tempel bou, maar God het dit van die hand gewys. Tog, saam met die afwys van Dawid se droom, kom die Here met ’n ongelooflike toesegging: Hy sal sorg dat daar altyd een van Dawid se nakomelinge op die troon is (vers 11, 17-18; vgl 2 Sam 7:16).
Ons weet egter dat dit nie so gebeur het nie. In die jaar 586vC het Nebukadnesar Jerusalem platgevee en die Dawid-dinastie tot ’n end gebring. Die Dawid-nageslag het ongelukkig nie die “as” in God se belofte (vers 12) goed gehoor nie, of dalk nie ernstig opgevat nie.
Ook ons leef met God se beloftes. Ons mag Hom aan sy beloftes herinner soos die digter hier doen, mits ons ook sy voorwaardes in ag neem. God se seëninge in Jesus aan ons is nie outomaties nie; dit vereis van ons ’n lewe van gehoorsaamheid en trou.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026